

27 Februarie

Eksodus 17:8-16, (Teks: 17:9)

'n Lewe van oorwinning

Twee belangrike waarskuwings lê in hierdie woorde van Moses opgesluit. Die eerste waarskuwing is om nie net horisontaal na die lewe te kyk nie. Dit is om nie alles van jou sterk hande, jou goeie verstand en gesonde liggaam te verwag, terwyl jy God vergeet nie. Dit is om Josua na die vyand te stuur, sonder om Moses met sy staf die berg te laat opgaan.

Die tweede waarskuwing is om nie net vertikaal na die lewe te kyk nie. Dit is om alles van God te verwag, sonder enige bereidheid van jou kant om self jou hande uit jou moue te steek. Dit is om Moses die berg te laat opgaan, maar Josua met gevoude hande te laat sit. Dit is om te bid: "Laat U koninkryk kom", maar self geen aandeel daarin te neem nie. Die stryd teen Amalek is gewen omdat Moses die egte lewe met God, 'n lewe van oorwinning, geken het. Dit is om in jou lewe al jǒú kragte in te span, en tegelykertyd, om alles van Gód te verwag.

Is dit miskien waarom die Here, na hierdie merkwaardige oorwinning, aan Moses sê: " Skryf hierdie woorde op in 'n boek as 'n blywende herinnering"? Staan hierdie woorde nie dalk in die Bybel met die oog op my lewenstryd nie?

Sing: Psalm 68:13

Dr. A.N. Helberg (Colesberg)